Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprysing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 16: ***B'shalach*** (בשלח) **–** Om te laat gaan.

Dit het gebeur dat toe Farao die volk laat gaan het, God hulle nie deur die land van die P'lishtim gelei het nie, alhoewel dit nader was, want God het gesê: "Sodat die volk, as hulle oorlog sien, nie dalk hulle gedagtes verander en teruggaan na Egipte toe nie." Ex. 13:17 – PWL[1]

Torah: Exodus 13:17 tot 17:16.

Haftorah: Rigters 4:4 tot 5:31.

Nuwe Verbond: Rom. 9:15 tot 23; Hand. 7:36; 1 Kor. 10:1 tot 13; Heb. 11:29; Open. 15:1 tot 4; Joh. 6:25 tot 58; Open. 2:17.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige jare se notas vir Parashah 16 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

Today's church is primarily interested in social justice, not the gospel – Jan Markell.

If you look up into His face and say, "Yes, Lord, whatever it costs," at that moment He'll flood your Life with His presence and power – Alan Redpath

Nine-tenths of the difficulties are overcome when our hearts are ready to do the Lord's will, whatever it may be. When one is truly in this state, it is usually but a little way to the knowledge of what His will is – George Mueller.

Love is not just a sentiment. Love is a great controlling passion and it always expresses itself in terms of obedience – Martyn Lloyd-Jones.

[1]Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

.

Any concept of grace that makes us feel more comfortable sinning is not biblical grace. God's grace never encourages us to live in sin, on the contrary, it empowers us to say no to sin and yes to truth – Randy Alcorn.

Heart-suffering because of sin is the best proof that the Holy Spirit dwells in your heart – Johann Arndt.

The Church has surrendered her once lofty concept of God and has substituted for it one so low, so ignoble, as to be utterly unworthy of thinking, worshiping men. This she has not done deliberately, but little by little and without her knowledge; and her very unawareness only makes her situation all the more tragic – A.W. Tozer.

The Bible is full of good news, but it is also full of bad news and severe warnings, tragic endings and examples of those who did not heed the word of the Lord – Bert M. Farias.

Torah Bespreking

Hersiening

Die belangrikste gebeure van die Boek van Exodus (*Sh'mot*) kan ondermeer in vier woorde opgesom word, naamlik: Pesag, Rooisee, Sinai en Manna. Elkeen van hierdie vier woorde is ook 'n sinnebeeld van een stap in יהוה se plan van sondevergifnis en versoening, naamlik:

- Pesag – 'n sinnebeeld van wedergeboorte.
- Rooisee – 'n sinnebeeld van die waterdoop deur onderdompeling.
- Sinai – 'n sinnebeeld van die gee van Torah en die gee (uitstorting) van die Afgesonderde (Heilige) Gees.
- Manna – 'n sinnebeeld van Yeshua, naamlik die Manna uit die hemel en die Lewende Woord wat ons daagliks voed.

Na die tiende plaag van die dood van die eersgeborenes, en na die slag van die pesaglam in gehoorsaamheid, lees ons dat Farao aan Moses en Aäron sê*:* "Staan op, gaan weg onder my volk uit, julle sowel as die kinders van Yisra'el en gaan dien יהוה soos julle gesê het." (Ex. 12:31). Hierdie *laat gaan* beteken nie dat Farao die Israeliete goedgunstiglik laat gaan het nie, maar beteken as te ware om Israel uit Egipte weg te jaag. Dit was die oomblik wat Farao erken het dat die God van Israel magtiger is as al die gode van Egipte!

Die hoogtepunt van verlede week se Torahskriflesing was die instelling van Pesag en die opdrag van יהוה was om hierdie instelling jaarliks op gepaste wyse op die spesifieke bepaalde tyd te gedenk.

> **9**Dit sal vir jou as 'n teken wees op jou hand en as 'n herinnering tussen jou oë sodat die wet van יהוה in jou mond mag wees, want deur 'n sterk hand het יהוה jou uit Mitzrayim uitgelei;
> **10**daarom moet jy hierdie instelling hou op die spesifieke bepaalde tyd, van jaar tot jaar. Exo. 13:9-10.

Pesag is 'n herinnering dat יהוה vir Yisra'el, en die menigte wat by hulle aangesluit het, met 'n sterk hand uit Egipte uitgelei het.

Ons het ook gesien dat Pesag ‘n sinnebeeld is van wedergeboorte. Soos wedergeboorte ‘n nuwe begin is, so was Pesag vir Yisra’el ‘n nuwe begin. Daarom behoort elkeen se wedergeboorte ook ‘n jaarlikse herinnering te wees van יהוה se sterk hand, wat deur Yeshua se folterdood en opstanding, bevryding van die slawejuk van sonde gebring het! Ons is geneig om te vergeet van יהוה se sterk hand wat wedergeboorte vir elkeen wat in Yeshua as Die Gesalfde Een vertrou, moontlik gemaak het!

Ons wedergeboorte is belangriker as ons fisiese geboorte! Met ons fisiese geboorte het ons niks mee te doen gehad nie, maar met ons wedergeboorte het ons genadiglik die wysheid gehad om te kies om deur vertroue in Yeshua as die Lam van God wedergebore te word. Dit verdien eerder gelukwensing en die seënwense dat die res van ons wedergebore lewe in gehoorsaamheid aan יהוה se Torah soos dit in Yeshua vervul is, sal wees! Een dag van wedergeboorte en Torah-gehoorsaamheid is beter as 80 jaar ongered en van Torahloosheid!

In hierdie week se Torahskriflesing het Yisra’el ‘die pad gevat’ na die Beloofde Land! Die hoogtepunt van hierdie week se Torahskriflesing is die deurtog deur die Rooisee wat ook ‘n sinnbeeld van die waterdoop deur onderdompeling is. En in volgende week se Torahskriflesing word die aankoms by Sinai bespreek waarvan die hoogtepunt die gee van Torah is en wat ‘n sinnebeeld van *Shavuot* (Pinkster) is, naamlik die gee van Torah en die uitstorting van die Afgesonderde Gees.

In hierdie week se Torahskriflesing bevind Yisra’el hulle dus in die tydperk van sewe weke tussen die uittog uit Egipte (Pesag) en die gee van Torah (*Shavuot*). Hierdie sewe weke staan bekend as die ‘tel van die omer’. Daagliks ontvang hulle manna uit die hemel!

Bepeins of Bespreek

1. ‘n Debat wat dikwels gevoer word, is of ons verjaarsdae behoort te gedenk. Meer inligting hieroor kan afgelaai word deur op die volgende skakel te kliek: Should We Celebrate Birthdays? – ‘n artikel deur Mahdokt Walter.

Gedoop in die Rooisee

Die kinders van Yisra’el het op droë grond deur die see getrek. Die waters was vir hulle ‘n muur aan hul regter- en aan hul linkerkant. Ex. 14:22.

In 1 Kor. 10:1-2 vergelyk Paulus Yisra’el se deurtog deur die Rooisee met die doop in water wanneer hy skryf:

> **1**My broers, ek wil hê dat julle moet weet dat ons vaders almal onder die wolk was[1] en almal deur die see gegaan het,
> **2**almal deur Moshe ingedoop is in die wolk en in die see.

Dit is belangrik om te onthou dat Yisra’el op die eerste dag van die fees van Ongesuurde Brood Egipte verlaat het. Yisra’el het dus by die Rooisee tydens hierdie sewedag-fees aangekom. Die fees van Ongesuurde Brood is ‘n sinnebeeld van heiligmaking, naamlik die verwydering van sonde (suurdeeg, die oortreding van Torah – 1 Joh. 3:4) uit ons lewens.

Met Pesag gedenk ons dit wat יהוה ons Vader in Yeshua, Die Gesalfde Een, vir ons gedoen het, naamlik ons bevryding van die slawejuk van sonde. Ons gedenk ons sondevergifnis deur vertroue in die geslagde Lam van יהוה wat ons sondeskuld (die skuldbrief – Kol. 2:14) uitgedelg het. Die Fees van Ongesuurde Brood, wat die dag na die Pesag begin en vir sewe

dae duur, is die logiese uitvloeisel van die Pesag, naamlik ‘n tydperk van selfondersoek om van die heerskappy van alle sonde bevry te word.

Daarom is Pesag tot en met die deurtog deur die Rooisee ‘n sinnebeeld van die eerste stappe en van die eerste drie Feestye (*Moe’dim*) van יהוה se reddingsplan deur Yeshua, naamlik:

- Wedergeboorte (vertroue in Yeshua as יהוה se Pesaglam en bekering, naamlik terugkeer tot Torah soos dit in Yeshua vervul is. Pesag simboliseer die uittog uit die wêreld van sonde wat van ons slawe gemaak het. Meer inligting oor die doel en betekenis van Pesag kan afgelaai word by: Les 2: Pesag

- Afgesonderd vir יהוה (Heiligmaking – aflegging en verwydering van sonde) soos deur die Fees van Ongesuurde Brode (*Hag HaMatzot*) simboliseer word en wat die lewenswandel as geregverdigde uitbeeld. Meer inligting oor die doel en betekenis van hierdie fees kan afgelaai word by: Les 3: Ongesuurde Brood

- Waterdoop deur onderdompeling as getuienis van die sterwe van die sondige mens en die begin van ‘n nuwe mens in Yeshua. Die eerste vrugte wat by ware bekering pas en soos deur die Fees van Eerstelinge uitgebeeld word en wat gevolg word deur goeie werke wat by bekering pas! Meer inligting oor die doel en betekenis van hierdie fees kan afgelaai word by: Les 4: Eerstelingsgerf

Yeshua Die Manna Uit Die Hemel

32 Toe sê Moshe: “Dit is wat יהוה beveel het: ’n `omer vol moet daarvan bewaar word vir julle geslagte sodat hulle die brood kan sien wat Ek julle in die wildernis laat eet het, toe Ek julle uit die land van Mitzrayim uitgelei het.” **33** Moshe sê vir Aharon: “Vat ’n pot en gooi ’n `omer vol ‘man hu’ daarin en sit dit voor יהוה neer, om dit vir julle geslagte te bewaar.”
Exod. 16:32-33.

Ons lees ook van hierdie manna wat vir die nageslagte bewaar moes word sodat die nageslagte die brood kan sien wat יהוה hulle in die wildernis laat eet het:

> Agter die skeidingsgordyn, was die tweede Tabernakel, wat die Mees Afgesonderde genoem word en in dit was ’n goue wierookaltaar en die ark van die verbond, oral met goud oorgetrek, waarin die goue pot met die ‘man hu’ was, die staf van Aharon wat gebot het en die tafels van die verbond. Heb. 9:4

Hierdie manna was ‘n heenwysing na Yeshua die Brood van Lewe. Daarom het Yeshua self gesê:

> “ אנא אנא - Ek is, was, sal wees Wie Ek is, was, sal wees, die Brood van Lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger wees nie en wie in My vertrou, sal nooit dors wees nie, tot in ewigheid. Joh. 6:35.
>
> **57**Net soos die Lewende Vader My gestuur het en Ek as gevolg van die Vader lewe, net so sal hy wat My eet, ook as gevolg van My lewe.
> **58** Hierdie is die Brood wat vanuit die hemel afgekom het; nie soos julle vaders wat die ‘man hu’ geëet en doodgegaan het nie; wie hierdie Brood eet, sal tot in ewigheid lewe. Joh. 6:57-58.

Ten einde die ware betekenis van hierdie woorde van Yeshua te verstaan, moet ons begrip hê van die rol wat koring en brood in die lewe van antieke tye gespeel het.

Vir Yisra'el van ouds was die koringkorrel simbolisies van die geheimenis van lewe. Die koringkorrel is as `n wonderwerk van יהוה beskou, want dit is slegs God wat dit wat ooglopend dood lyk, weer lewendig kan maak. Koringkorrels wat gesaai word, "sterf" in die grond, maar bring dan nuwe koring voort om brood – Yisra'el van ouds se stapelvoedsel – mee te maak. God alleen is die Skepper van hierdie lewe!

Yeshua Messias is die koringkorrel wat God se geheimenis van lewe bevat, naamlik die ewige lewe en die lewe in oorvloed. Yeshua is die koringkorrel wat gesterf het sodat ons die ewige lewe kan hê (Joh. 12:24) en deur Sy opstanding 'n lewe in oorvloed deelagtig kan wees (Joh. 10:10b).

Yisra'el het brood en wyn as simbolies van יהוה se voorsiening beskou. Indien `n Yisra'eliet sou sê: "Ek het genoeg brood om te eet en genoeg wyn om te drink", dan bedoel hy dat daar in al sy behoeftes voorsien word. Die woord "brood" word ook gebruik om na voedsel in die algemeen te verwys (Gen. 3:19; Rig. 13:16; Luk. 15:17). Brood was ook die stapelvoedsel van daardie tyd.

Daarom is Yeshua die brood van Lewe, naamlik die Een wat in al ons behoeftes van Gees, siel en liggaam sal en kan voorsien. Die belofte is dat indien ons na Yeshua gaan en eet van die brood (manna) wat יהוה uit die hemel in Yeshua voorsien, sal ons nooit gebrek hê nie. Daar sal in al ons behoeftes voorsien word. Die voorwaarde is dat ons moet kom om te eet. Ons moet gereeld eet van ons geestelike stapelvoedsel.

Die profeet Amos verklaar egter dat daar 'n tyd gaan kom wat daar 'n hongersnood gaan wees om die Woord van die Almagtige te hoor.

> Let op, daar kom dae," verklaar יהוה-God, "wanneer Ek 'n hongersnood oor die land sal stuur, nie 'n honger na brood of 'n dors na water nie, maar eerder om die boodskap van יהוה te hoor en te doen. Amos 8:11

Let wel dat hierdie hongersnood nie weens 'n gebrek aan die Woord is nie, maar weens 'n gebrek om die Woord te hoor en dit te doen! Dit beteken dat die Woord vrylik beskikbaar is, maar die mense hoor en verstaan nie wat die Woord van die Vader vir hulle sê nie, en hulle pas nie die Woord in hulle lewe toe nie!! Hulle eet nie die Manna wat יהוה-God uit die hemel gestuur het nie!

Hongersnood beteken om te sterwe weens 'n gebrek aan voedsel. Volgens die profeet sal daar dus 'n tyd kom wat mense geestelik sal sterf omrede die ware betekenis en die toepassing van die Woord hulle ontneem word. Hierdie toestand ontstaan omrede mense net dit wil hoor wat hulle graag wil hoor. Hulle wil dié dinge hoor wat hulle gehoor streel.

> **3** want daar kom 'n tyd dat hulle die ware leer nie sal gehoorsaam nie, maar leermeesters bymekaarmaak volgens hulle eie begeertes, wat hulle gehoor kan streel
> **4** en hulle sal hulle ore van die waarheid af wegdraai en na fabels toe draai. 2 Tim. 4:3 en 4.

Dit kan vergelyk word met die manna wat in die woestyn beskikbaar was, maar die mense het ander voedsel gesoek. Die Lewende Woord van יהוה Yeshua is die ware brood wat lewe gee, maar mense verwerk dit tot geestelike voedsel waarvan die heilsaamheid verwyder is. Hierdie

voedsel gee die gevoel van genot en versadiging (sielsbevredigend), maar het weinig voedingswaarde. Die resultaat is mense wat geestelik ondervoed en wangevoed is. Uiteindelik lei dit tot geestelike dood.

‘n Groot deel van die Christendom verkeer in hierdie toestand. Daar is ‘n honger om die Woord te hoor, maar nie die onvervalste Woord van יהוה nie, want hulle is ‘n rebelse volk wat weier om te luister na die instruksies van יהוה (Jes. 30:9)! Die profeet Esegiël stel dit soos volg:

> Seun van ’n mens, jy bly in die middel van die rebelse huis, wat oë het om te sien, maar nie sien nie; ore om te hoor, maar nie hoor en luister nie, want hulle is ’n rebelse huis. Eseg. 12:2

Selfs wanneer die onvervalste Woord vir hulle gegee word, hoor hulle dit nie meer nie. Baie versadig hulleself op tradisie en mensgemaakte leerstellings. Daar word graag na boodskappe van Christenselfisme en Christenmaterialisme geluister, terwyl tugtiging, verootmoediging, ware sondeberou en heiligmaking nie op die geestelike spyskaart toegelaat word nie. Die tien pilare van יהוה se Torah – die tien gebooie – word geminag!

Dit herinner ons aan die gelykenis van die onkruid in Matt. 13:24 tot 30. Die goeie saad is die Woord van יהוה wat deur die saaier, Yeshua Messias, gesaai word (Matt. 13:37). Hierdie Woord is die ware saad van die waarheid. Dit is hierdie waarheid wat elkeen as afgesonder aan יהוה toewy (Joh. 17:17). Hierdie waarheid sal elkeen vrymaak (Joh. 8:32) om יהוה die Vader se wil te doen en om Sy kind te wees (Matt.13:38).

Satan is die vyand wat in die nag kom, terwyl die mense slaap, en ongesiens onkruid tussen die koringsaad saai (Matt. 13:25 en 39). Nadat hy dit gesaai het gaan hy weg, want hy weet dat die onkruid saam met die koring sal groei. Hy weet dat hy die saad van onkruid in vrugbare grond gesaai het.

Die woord vir *onkruid* in die oorspronklike Grieks (*zizanion*) beteken *drabok* (*darrè*l). Hierdie plant lyk in baie opsigte net soos koring, maar is nie koring nie. Drabok is dus *vals koring*. Dit is eers wanneer die drabok begin saad vorm dat dit deur die oplettende kenner van die koring onderskei kan word. Daarom kon drabok nie uitgeroei word terwyl die koring groei nie, want dit lyk nie net soos koring nie, maar die wortels daarvan raak ook verstrengel met die van die koring. Indien daar gepoog sou word om die drabok tydens die groeistadium uit te roei, sal die egte koring ook beskadig word. Dit is dus beter om beide die koring en draboek van mekaar te skei wanneer daar geoes word. Drabok se saad is bitter en wanneer genoeg daarvan geëet word, het dit ondermeer die effek van ‘n slaap- en susmiddel.

Die onkruid wat deur Satan gesaai word is dus ‘n namaaksel van יהוה se Woord en is derhalwe nie die waarheid nie, maar leuens en misleiding. Satan saai dus vals leerstellings daar waar die waarheid verkondig word. Hy saai dit in die nag, naamlik daar waar daar nog geestelike duisternis weens ‘n gebrek aan kennis van יהוה se Woord is, maar wel ‘n soeke na die waarheid bestaan. Dit is vrugbare grond. Die mense se harte is ontvanklik daarvoor omrede dit soos die waarheid lyk. Die waarheid en die leuen groei dus in dieselfde vrugbare grond.

Onthou dat Satan net soveel leuens met die waarheid sal meng, dat die leuen steeds soos die waarheid sal lyk. Heuning wat ‘n klein bietjie gif bevat, sal steeds soos heuning lyk en proe, maar is nou vergiftigde heuning. Indien jy genoeg daarvan eet, sal jy siek word en moontlik sterf.

Hierdie vergiftigde waarheid wat Satan saai, dien as ‘n geestelike susmiddel en wat selfs geestelike slaap kan veroorsaak. Gelowiges ontvang hierdie halwe waarhede met die oortuiging dat dit die volle waarheid is. Hulle is oortuig dat hulle יהוה in gees en waarheid dien. Hulle is egter besig om wetteloosheid te doen (Matt. 13:41) sonder dat hulle dit besef. Derhalwe dien hulle nie יהוה in gees en waarheid nie, want hulle is mislei. Hulle het ‘n ywer vir יהוה Yeshua, maar hulle ken nie יהוה se geregtigheid nie (Rom. 10:2 en 3).

Baie gelowiges besef nie dat die gelykenis van die goeie saad en die onkruid, soos Yeshua dit aan Sy studentevolgelinge in Matt.13:36 tot 43 verklaar het, juis na hierdie vermengde toestand van die waarheid en die leuen verwys nie. Volgens hierdie gelykenis sal vals koring tot aan die einde van die eeue gesaai word. Eers wanneer daar geoes word, sal die koring en onkruid van mekaar geskei word.[2]

Jy en ek het dus nou die taak om deur die Gees van Waarheid gelei te word om te kan onderskei wat is die goeie saad en wat is die saad wat onkruid voortbring. Ons moet seker maak ons eet van die goeie saad wat die Brood van Lewe voortbring!

Ons leef in tye van ‘n ernstige geestelike hongersnood en dit nie weens ‘n gebrek aan die Woord nie, maar weens ‘n gebrek om die Woord te hoor (*sh’ma*), dit te bewaar en te glo (*sh’mar*) en dit dan te doen (*asah*), want ons ewige lewe hang daarvan af!

In die eerste plek vereis dit ‘n leerbare gees wat ontvanklik is vir die Woord van יהוה! Dit vereis ook om nie op mense staat te maak nie, maar om self die Skrifte te ondersoek en dan op die Gees van Waarheid te vertrou vir bevestiging van die waarheid en onderskeiding van die leuen. Laastens vereis dit ‘n besef dat die moontlikheid bestaan dat jy en ek verkeerd geleer was. Dit vereis die vernuwing van ons denke sodat ons sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is (Rom. 12:2).

Laat ons nooit hierdie woorde van ons Messias vergeet nie:

> **13**Gaan in deur die nou hek, want die hek wat na vernietiging lei is breed en die pad wyd en baie gaan in,
> **14** maar die hek is klein en die pad smal wat na die lewe lei en daar is min wat dit vind!
> Matt. 7:13 en 14.

Jy en ek moet seker maak dat ons deel van die min is wat op die smal weg wandel en deur die nou hek wat na die ewige lewe lei, sal ingaan. Soos ons geestelik groei sal ons ervaar dat die pad al smaller word. Dit word afsondering (heiligmaking) genoem, naamlik om deur die Gees afgesonder te word om die volheid van die Vader en die Seun te ervaar en deelagtig te wees.

Mag ons elkeen versadig word omdat ons die Woord – die Lewende Manna (Brood) – hoor en dit toepas!

Bepeins of Bespreek

1. Ons lees in Num. 21:5 dat Yisra’el teen יהוה en teen Moses gekla het oor die manna deur te sê: “ons liggame walg van hierdie nuttelose kos.” Die gevolg was dat יהוה giftige slange onder die volk gestuur wat die volk gebyt het en baie van die mense van Yisra’el

[2] Die volledige artikel: “Die Koring en die Drabok” kan gelees word by: Die Koring en die Drabok

het gesterf. Vandag sê Rabbynse Judaïsme steeds dieselfde oor die Manna wat יהוה uit die hemel gestuur het. Hulle weier om te eet van hierdie Hemelse Brood, want hulle beskou dit as nutteloos (walglik volgens die 1953 vertaling). Hulle is gebyt deur giftige slange en sal slegs genesing ontvang wanneer hulle in vertroue hulle oë vestig op die folterpaal waar Yeshua die prys vir hulle sondes betaal het. Elkeen wat weier om dit te doen, is geestelik reeds dood en sal deur יהוה veroordeel word.

Haftorah Bespreking

Deborah, Die Heuning En Angel Van יהוה

Die Haftorah Skriflesing van dié week is Rigters (Hebreeus: *Shoftim*) 4:4-5:31. ‘n Rigter kan beskou word as ‘n regeringshoof of as ‘n opperhoof.

Die boek van Rigters het ‘n tweeledige doel: Eerstens herinner dit ons dat יהוה ‘n God van oordeel is wat nie sal huiwer om die individu en volk wat afwyk van Sy voorgeskrewe weë te straf nie. Maar tweedens is dit ‘n herinnering dat יהוה ‘n God van onverdiende guns (genade) is wat sal vergewe en verhoudings sal herstel wanneer ware berou getoon word. Dit word soos volg opgesom in Rigters 2:14-19:

> **14** Die woede van יהוה het gebrand teen Yisra’el en Hy het hulle oorgegee in die hand van plunderaars wat hulle beroof het en Hy het hulle verkoop in die hand van hulle vyande rondom sodat hulle nie langer kon standhou voor hulle vyande nie.
> **15** Waarheen hulle ook al gaan, was die hand van יהוה teen hulle ten kwade, soos יהוה gesê het en soos יהוה vir hulle gesweer het sodat hulle erg benoud was.
> **16** Toe het יהוה rigters opgewek wat hulle bevry het uit die hande van hulle wat hulle geplunder het.
> **17** Tog het hulle nie na hulle rigters geluister nie, want hulle het agter ander gode aan gehoereer en hulleself voor hulle neergebuig. Hulle het gou van die pad wat hulle vaders, in gehoorsaamheid aan die opdragte van יהוה, geloop het, afgedraai; hulle het nie gedoen soos hulle nie.
> **18** Wanneer יהוה vir hulle rigters opwek, was יהוה saam met die rigter en het Hy hulle bevry uit die hand van hul vyande al die dae van die rigter, want יהוה was beweeg tot omgee deur hulle gekerm oor hulle onderdrukkers en hulle teisteraars,
> **19** maar dit het gebeur dat wanneer die rigter sterf, hulle terugdraai en nog meer korrup optree as hulle vaders, deur agter ander gode aan te loop, om hulle te dien en voor hulle neer te buig; hulle het nie hulle gebruike of hulle hardnekkige maniere laat vaar nie.

En dit is die ooreenkoms tussen hierdie week se Torah- en die Haftorahskriflesing, naamlik dat beide handel oor Yisra’el wat onderduk word deur ‘n vreemde en genadelose koning en in beide gevalle stuur יהוה ‘n verlosser en profeet wat Yisra’el op ‘n bonatuurlike wyse van onderdrukking bevry. Moses was opperhoof (regeringshoof en ‘koning’), asook profeet. Deborah (D’vorah) was ‘n Rigter – die eerste vroueregringshoof van Yisra’el – en ‘n profetes.

Beide die Torah- en Haftorahskriflesing het die sing van ‘n loflied van bevryding deur die hand van יהוה tot gevolg. Miriam was ook ‘n profetes wat deur sang en musiek יהוה geprys het vir die oorwinning oor Egipte.

> **20***Miryam, die profetes, die suster van Aharon, het ’n tamboeryn in haar hand gevat en al die vroue het agter haar uitgegaan, met tamboeryne en danse.*

21*Miryam het hulle geantwoord: "Sing tot eer van* יהוה*, want Hy is hoog verhewe. Hy het die perd met sy ruiter in die see gegooi."* Ex. 15:20-21.

Die geskiedenis van Yisra'el sedert hulle bevryding van die Egiptiese slawejuk, en na die dae van Josua, was een van loop en val, naamlik tye van gehoorsaamheid wat afgewissel word met ongehoorsaamheid. Daar was tye wanneer Yisra'el in gehoorsaamheid aan Torah in oorwinning geloop het en die seëninge van יהוה ontvang het. Maar dit is dan weer opgevolg deur tye waar Yisra'el weens Torah-ongehoorsaamheid in die hande van die vyand geval het en onderdruk was.

Hierdie week se Haftorah is een van daardie kere waar יהוה toelaat dat Sy volk, weens hulle hardnekkige ongehoorsaamheid aan Torah, deur die ysterhand van Jabin (Yavin), die koning van Kanaän, regeer word.

1Toe het die seuns van Yisra'el weer boos gedoen in die oë van יהוה nadat Ehud dood is
2en יהוה het hulle verkoop in die hand van Yavin, die koning van Kena'an, wat in Hatzor regeer het en die bevelvoerder van sy leërmag was Sisra, wat in Haroshet-HaGoyim gebly het.
3Die seuns van Yisra'el het na יהוה uitgeroep, want hy het nege honderd ysterwaens gehad en die kinders van Yisra'el twintig jaar lank onderdruk. Rigters 4:1-3.

Na sowat 20 jaar het Yisra'el tot berou gekom en tot יהוה geroep wat hulle smekinge verhoor het deur Deborah, die profetes en rigter, te stuur om hulle te verlos. Soos ons weet: Geskiedenis word herhaal en geskiedenis is profesie. Die einde word deur die begin bekend gemaak!

Debora het Barak, die seun van Abinoam (Avino'am) uit Kedesh in Naftali laat kom en aan hom gesê:

6 ……..“Let op, יהוה, die God van Yisra'el, het beveel: “Gaan en marsjeer na die berg Tavor en vat tien duisend man van die seuns van Naftali en van die seuns van Z'vulun saam met jou.
7 Ek sal dat Sisra, die bevelvoerder van Yavin se leermag, met sy strydwaens en sy menigte na jou toe uittrek by die Kishonrivier en Ek sal hom in jou hand gee”. Rigters 4:6-7.

Maar Barak het 'n vereiste gestel, naamlik dat Debora saam moes gaan!

8 Toe sê Barak vir haar: “As u saam met my sal gaan, sal ek gaan, maar as u nie saam met my gaan nie, sal ek nie gaan nie.”
9Sy het gesê: “Ek sal sekerlik saam met jou gaan; daarom sal die eer nie joune wees op die reis wat jy op die punt staan om op te gaan nie, want יהוה sal Sisra in die hand van 'n vrou verkoop.” Toe staan D'vorah op en gaan saam met Barak na Kedesh. Rigters 4:8-9.

Deborah het nie gehuiwer om saam na die oorlogsfront te gaan nie! Barak het nie gevrees om te doen wat Deborah deur die Gees aan hom gesê het nie. Nee, Barak wou hê dat Deborah moes saam gaan, want sy het as profetes die stem van יהוה gehoor en dit sou hom help om sy aanvalsplan en tydsberekening volgens die wil van היהו uit te voer. Daarom lees ons in Rigters 4:14-15:

14 D'vorah het vir Barak gesê: "Staan op, want hierdie is die dag waarop יהוה Sisra in jou hand gegee het; let op, יהוה het voor jou uitgegaan." Barak het afgegaan vanaf die berg Tavor met tien duisend man wat hom volg.
15 יהוה het Sisra met al sy waens en sy hele leër met die skerpte van die swaard uitmekaar gejaag voor Barak en Sisra het van sy wa afgeklim en te voet gevlug.

Barak het erkenning gegee aan Deborah se roeping (bediening) as Rigter en profetes en hy het geweet dat w*anneer* יהוה *vir hulle rigters opwek, was* יהוה *saam met die rigter en het Hy hulle bevry uit die hand van hul vyande al die dae van die rigter* (Rigters 2:18). Dit herinner ons aan Paulus se woorde in 1 Kor. 7:17-24:

17 Elkeen moet leef met dit wat יהוה hom gegee het, net soos elkeen was toe God hom geroep het en so beveel ek in al die gemeentes.
18 Was iemand besny toe hy geroep is, moet hy nie terugkeer na onbesnedenheid nie. Was iemand onbesny toe hy geroep is, moet hy hom nie laat besny nie.
19 Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die uitvoer van die opdragte van God, is wat tel.
20 Laat elkeen in dié roeping bly waarin hy geroep is.
21 Is jy as slaaf geroep, moenie dat dit jou pla nie, maar as jy vryheid kan verkry, kies self om te dien,
22 want die slaaf wat in ons Meester geroep is, is 'n vrygemaakte van God; net so is ook hy wat as vryman geroep is, 'n slaaf van Die Gesalfde Een.
23 Julle is met 'n prys gekoop; moenie slawe van mense wees nie.
24 Laat elkeen, broers, in dít waarin hy geroep is, bly voor God.

Daarom moet ons mekaar die erkenning, die ondersteuning en die ruimte gee om dit te wees waarvoor God elkeen geroep het! Ons is die liggaam van ons Meester Yeshua, Sy gemeente, en elke liggaamsdeel het 'n skeppingsdoel. Paulus verduidelik dit soos volg in 1 Kor. 12:12-21.

12 want net soos die liggaam een is en baie ledemate het, maar al die dele van die liggaam, al is hulle baie, een liggaam is; so ook met Die Gesalfde Een,
13 want ons is ook almal deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Arameërs, slawe of vrymanne is en ons is almal van een Gees gegee om te drink,
14 want ook die liggaam is nie een ledemaat nie, maar baie.
15 As die voet sou sê: 'Omdat ek nie die hand is nie, is ek nie deel van die liggaam nie', is hy daarom nie deel van die liggaam nie?
16 As die oor sou sê:' Omdat ek nie die oog is nie, is ek nie deel van die liggaam nie', is hy daarom nie deel van die liggaam nie?
17 As die hele liggaam 'n oog was, waar sou die gehoor wees? As alles gehoor was, waar sou die reuk wees?
18 Nou het God egter elkeen van die ledemate in die liggaam gesit, net soos Hy wil.
19 As almal een ledemaat was, waar sou die liggaam wees?
20 Nou is daar egter baie ledemate, maar net een liggaam.
21 Die oog kan nie vir die hand sê: 'Ek het jou nie nodig nie;' of ook die kop vir die voete: 'Ek het julle nie nodig nie,'

Dan herinner Paulus ons ook daaraan dat dit juis die dele van die liggaam is wat die swakste lyk, wat noodsaaklik is, want God het die liggaam saamgestel en aan die ledemaat wat klein is oorvloediger waarde gegee, sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar mag dra (1Kor. 12:22-25).

Wat Paulus vir ons sê, is dat ons liefde en eerbied vir mekaar sodanig moet wees dat as een ledemaat ly, sal almal die pyn deel en as een ledemaat hom verheug, verheug al die ledemate hulle saam (1 Kor. 12:26).

Ons is die liggaam van Die Gesalfde Een en elke ledemaat het sy / haar plek en rol in die Raadsplan van Vader-God. Daarom skryf Paulus:

> **28** God het in Sy gemeente geplaas: eerstens afgevaardigdes, na hulle profete, na hulle leermeesters, na hulle werkers van wonderwerke, na hulle gawes van gesondmaking, helpers, leiers en verskillende tale.
> **29** Is almal van hulle afgevaardigdes? Is almal van hulle profete? Is almal van hulle leermeesters? Is almal van hulle werkers van wonderwerke? 1Kor. 12:28-29.
> **30** Het almal van hulle die gawes van gesondmaking? Praat almal van hulle in tale? Vertaal almal van hulle?

Deborah, Die By!

Die naam *Debora* beteken *by* en is verwysend na die instink (sensitief vir die stem van die Afgesonderde Gees) en die hardwerkendheid (toegewydheid) van ‘n by. In Debora se geval was sy soos ‘n heuningby vir familie en vriende, maar soos ‘n steekby vir die vyand. Debora was die vrou van Lappidot wie se naam *fakkel, vlam en ligdraer* beteken.

Hierdie geskiedenis leer ons die belangrike rol van vroue in יהוה se meesterplan van versoening en herstel van Sy volk. יהוה sal nie huiwer om ‘n vrou te gebruik nie!! Daar waar geen man as leier gevind word nie, sal יהוה ‘n vrou gebruik!

> Leierskap het opgehou, dit het opgehou in Yisra’el totdat ek, D’vorah, opgestaan het; totdat ek, ’n moeder in Yisra’el, opgestaan het. Rigters 5:7.

Daarom moet ons nie nalaat om ook die rol van Jael, die vrou van Heber, te noem nie. Sy was nie so ‘n openbare figuur soos Debora nie, maar sy het die ‘finale nekslag’ in die bevryding van Yisra’el toegedien deur Sisera, die aanvoerder van die Kanaänitiese weermag van koning Jabin, dood te maak.

> **17** Sisra het te voet gevlug na die tent van Ya’el, die vrou van Hever, die Keiniet, want daar was vrede tussen Yavin, die koning van Hatzor en die huis van Hever, die Keiniet.
> **18** Ya’el het uitgegaan om Sisra te ontmoet en vir hom gesê: “Draai af, my meester, draai af na my toe! Moenie bang wees nie!” Hy het na haar toe afgedraai, na haar tent en sy het hom met ’n kombers bedek.
> **19** Hy het vir haar gesê: “Gee vir my asseblief ’n bietjie water om te drink, want ek is dors.” Sy maak toe die bokvelsak oop en laat hom daaruit drink; toe maak sy hom weer toe.
> **20** Hy sê vir haar: “Staan in die ingang van die tent en as dit gebeur dat iemand kom en vir jou vra en sê: “Is daar iemand hier?” dat jy sal sê: “Nee.”
> **21** Ya’el, die vrou van Hever, het egter ’n tentpen en hamer in haar hand gevat en stilletjies na hom toe gegaan en die pen in sy slaap ingeslaan en dit het deurgegaan in die grond in, want hy was vas aan die slaap en uitgeput. So het hy gesterf.
> **22** Terwyl Barak Sisra agtervolg, let op, het Ya’el uitgekom om hom te ontmoet en vir hom gesê: “Kom en ek sal vir u die man wys wat u soek.” Hy het saam met haar ingegaan en let op, Sisra lê daar dood, met die tentpen in sy slaap! (Rigters 4:17-22).

Hoewel dit wat sy gedoen het as grusaam beskou kan word, het sy nie gehuiwer om haar rol in hierdie bevrydingsproses te vervul nie.

Op daardie dag het Deborah en Barak ‘n loflied tot יהוה gesing (Rigters 5:1-31). Hierdie loflied eindig met die woorde:

> Laat al U vyande, יהוה, so omkom! Maar laat die wat Hom liefhet, wees soos die opkoms van die son in Sy krag.” Die land was veertig jaar lank onverstoord.

Vroue in die gemeente

Paulus skryf in sy eerste brief aan die Korinthiërs die volgende:

> **33**want God is nie ’n God van onbeheersdheid nie, maar van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid. Soos in al die gemeentes van die afgesonderdes
> **34** moet julle vrouens in die gemeentes stilbly, want dit is hulle nie toegelaat om te praat nie, maar om gehoorsaam te wees, net soos die geskrewe wet sê.
> **35**As hulle iets wil leer, laat hulle by die huis hulle eie mans vra, want dit is skandelik vir daardie vrou om in die gemeente te praat.
> **36**Of het die boodskap van God van julle af uitgegaan, of het dit tot julle alleen gekom? 1Kor. 14:33-36.

Hoe moet hierdie woorde van Paulus verklaar word in die lig van hierdie week se Haftorah? Beteken dit dat vroue in die gemeente – as deel van die liggaam van Yeshua – stil moet bly? Of verwys Paulus se woorde slegs ten tye van ‘n gemeente byeenkoms?

Die Griekse woord vir *stilbly* (*swyg*) is *sigaō* en het ‘n tweeledige betekenis, naamlik om nie te praat nie (stilbly; swyg), maar ook om stil te bly om die vrede te bewaar (*hold one’s peace*).

Volgens 1Kor. 11:4-5 is dit duidelik dat Paulus nie van mening is dat ‘n vrou as deel van die liggaam van Yeshua of tydens ‘n gemeente byeenkoms stil moet bly nie.

> **4** Elke man wat bid of profeteer met sy kop toegemaak, onteer sy kop
> **5** en elke vrou wat bid of profeteer met haar kop ontbloot, onteer haar kop, want sy is net soos een wie se kop geskeer is.

‘n Vrou mag dus hoorbaar deel wees van die gemeente byeenkomste, maar op grond van twee voorwaardes, naamlik: Eerstens moet haar hoof bedek wees wanneer sy bid of profeteer (1 Kor. 11:5). Verder skryf Paulus:

> want as ’n vrou se kop nie toegemaak is nie, laat sy dan ook haar kop skeer, maar as dit vir ’n vrou lelik is om haar hare te sny of te skeer, laat sy haar kop heeltemal toemaak. 1 Kor. 11:6.

Hiermee bedoel Paulus dat as ‘n vrou nie haar hoof wil toemaak nie, dan kan sy net sowel haar hare afskeer soos die wat geen skaamte het nie – waarskynlik verwysend na die prostitute van daardie tyd?!

Maar dan kan ons ook nie nalaat om Paulus se woorde in 1 Kor. 11:13-16 te noem nie:

> **13** Beoordeel onder julleself: is dit reg vir ’n vrou om met onbedekte kop tot God te bid?
> **14** Of leer die natuur self julle nie dat as ’n man sy hare laat groei, dit vir hom ’n oneer is nie **15** en wanneer ’n vrou haar hare laat groei, dit vir haar ’n eer en lof is omdat haar hare vir haar gegee is as ’n bedekking nie?

16 As iemand hieroor wil stry; nie ons of die gemeentes van God het so ’n gebruik nie.

Let daarop dat verse 14 en 15 is ‘n vraag wat Paulus vra met verwysend na wat die natuur ons leer.

Die konteks van 1 Kor. 11:1-16 gaan oor die gedrag van die vrou in die gemeente. Daarom begin Paulus met hierdie woorde:

> Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Die Gesalfde Een die hoof is van elke man en die man is die hoof van die vrou en God is die hoof van Die Gesalfde Een. 1 Kor. 11:3.

Paulus se boodskap is dat die vrou haar onderdanigheid aan haar man en Yeshua deur haar optrede moet openbaar en dat daar te alle tye ‘n duidelike onderskeid tussen die twee geslagte en elkeen se rol moet wees. Dit is in die lig hiervan wat Paulus praat oor die vrou wat haar hoof moet bedek wanneer sy bid of profeteer.

Tweedens, en gesien in die konteks van wat Paulus in 1 Kor. 14:26-40 skryf, moet die vrou se bydrae by gemeente byeenkomste ordelik geskied, want God is nie “’n God van onbeheersdheid nie, maar van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid” (1Kor. 14:33).

Daarom moet die vermaning van Paulus ook gesien word in die lig van Gen. 3:16 waar יהוה vir Eva sê:

> …..“Ek sal jou moeite en jou swangerskap baie vergroot. Met pyn sal jy geboorte gee aan kinders en na jou man sal jou begeerte wees en hy sal oor jou heers.”

Hierdie heers is nie soos die van ‘n diktator nie, maar soos Yeshua die hoof van die gemeente is en soos Hy die gemeente lief het.

> **22**Vroue, wees aan julle eie mans gehoorsaam, net soos aan ons Meester,
> **23** want die man is die hoof van die vrou, net soos Die Gesalfde Een ook Hoof is van die gemeente en Hy is die Redder van die liggaam,
> **24** maar soos die gemeente aan Die Gesalfde Een gehoorsaam is, op dieselfde manier moet die vroue ook, in alles, aan hul eie mans wees.
> **25** Mans julle moet julle eie vroue liefhê, net soos Die Gesalfde Een ook die gemeente liefgehad en Homself om haar ontwil oorgegee het. Gal. 5:22-25.

In die lig hiervan vermaan Paulus die vroue om ook aan hulle mans onderdanig te wees, nie net by die huis nie, maar ook in die gemeente situasie. Dit beteken dat die vrou nie haar man teen moet gaan by die gemeente byeenkomste of betrokke moet raak by gemeente geskille nie. Nee, sy moet eerder die ‘vrede bewaarder’ wees deur te swyg en dan by die huis haar man te vra.

Ons moet onthou dat Vader-God het ‘n gesagstruktuur wat te alle tye eerbiedig moet word. Paulus verwoord dit soos volg:

> **1** Word my nabootsers, net soos ek ook Die Gesalfde Een naboots.
> **2** Ek prys julle, my broers, dat julle my in alles onthou en die opdragte uitvoer soos ek dit aan julle oorgegee het,

> **3** maar ek wil hê dat julle moet weet dat Die Gesalfde Een die hoof is van elke man en die man is die hoof van die vrou en God is die hoof van Die Gesalfde Een. 1 Kor. 11:1-3.

Daarom moet ons ook kennis neem van wat Paulus aan Timotheus geskryf het:

> **11** Laat 'n vrou in stilte leer in alle gehoorsaamheid,
> **12** want ek laat die vrou nie toe om lering te gee óf oor die man outoriteit te neem nie, maar sy moet stil wees,
> **13** want Adam is eerste gevorm, daarna Havah
> **14** en Adam is nie mislei nie, maar die vrou is mislei en het die opdrag oortree. 1Tim. 2:11-14.

Iemand wat lering gee neem outoriteit oor die gehoor, want die leraar (prediker) spreek in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה. Daarom: 'n Vrou wat lering gee vir 'n gehoor waar mans ook teenwoordig is, neem outoriteit oor die mans en dit is nie volgens יהוה se gesagstruktuur toelaatbaar nie.

Opsommend: Die gawes van die Afgesonderde Gees is vir almal – mans en vroue. Maar die werking van die gawes by gemeente byeenkomste moet ordelik geskied onder die gesag van die man. Een van die gawes van die Afgesonderde Gees is die van leermeester (leraar). Alle gawes van die Gees mag by gemeente samekomste deur vroue werk (manifisteer), behalwe die gawe van leraar indien mans teenwoordig is.

Bepeins of Bespreek.

1. Is jy geroep om 'n Deborah ('n profetes en aanvoerder) of dalk 'n Jael te wees? Is jy heuningsoet vir familie en vriende, maar die angel in die vlees van die vyand? (Onthou: Heuning word as 'n geneesmiddel beskou!). Miskien is jou rol die van 'n Jael? Die naam *Jael* beteken 'n *wilde bergbok* ('n ibex) – een wat steeds hoër klim om יהוה te ontmoet en Sy opdragte te hoor en uit te voer!

2. Is jy 'n moeder in Yisra'el (Rigters 5:7) – die een wat die geestelike toekoms van die nageslag help vorm?

3. Is jy geroep om soos Debora 'n oorwinningslied 'te komponeer' en voor יהוה se volk te sing (Rigters 5:1-31)? Verwys ook na Mirjam (Eks. 15:20-21).
   *The Hebrew word for **song** (zemer) in Ex. 15:20 tot 21 has another meaning as well, namely to prune. The connection is not initially very obvious, but the holy language of Hebrew gets to a thing's very essence. A tree thrives when its heavy branches and extraneous foliage are clipped so that it can focus its nutritional resources. So too we must 'prune' extraneous sounds to be left with a song. We can apply this same principle to transform our lives into holy song by working to "prune" and thus refine our own character traits (Yisra'el365).*

4. Ons leef in 'n tyd waar baie mans hulle rol volgens Torah as eggenoot en vader abdikeer en nie יהוה se Torah soos in Yeshua vervul is, volg nie. Wat verwag יהוה in sulke situasies van die vrou as eggenote en moeder? Mag sy haar man se gesag ondermyn deur te weier om Torah-ongehoorsaam te wees, soos byvoorbeeld weier om die Shabbatsgebod te oortree?

5. Mag 'n vrou optree as leraar by Bybelstudiegroepe waar net vroue teenwoordig is?

6. In Judaïsme en in die Messiaanse beweging sien ons dat mans hulle hoofde toemaak, meestal met ‘n gebedskleed, wanneer hulle bid en selfs die woord bedien. Dit is dan strydig met wat Paulus in 1Kor. 11:7-9!?

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.